higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1

(11010091)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

121Q1E2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Tekeninge en sketse moet benoem word en netjies en duidelik geteken wees. Jy kan 'n potlood gebruik.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem VYF kategorieë van veiligheidstekens. (5)

1.2 Bestudeer die FIGUUR hier onder. Wat beteken hierdie teken? (2)



FIGUUR 1

1.3 Watter stuk gereedskap in die lys hier onder pas by watter beskrywing? Skryf slegs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) en die stuk gereedskap wat by die beskrywing pas, in die ANTWOORDBOEK neer.

pleisterplank; pleistertroffel; koevoet; messeltroffel; afwerktroffel; maattroffel; emmer; hoektroffel; houtstrykplank; plastiekstrykplank; staalstrykplank; blokborsel

1.3.1 Stof en vuilgoed word hiermee van oppervlakke verwyder voordat hulle gepleister word. 'n Muur word ook hiermee natgemaak voordat dit gepleister word en wanneer pleister afgestryk word.

1.3.2 Die handvatsel sit vir goeie balans in die middel van 'n 90°-buig in die lem, en sodat mens egalige druk weerskante van 'n hoek kan uitoefen.

1.3.3 Die reguit blad hiervan het tapse rande en 'n ronde neus.

1.3.4 Dagha word hiermee na 'n werkgebied gedra en dit word ook gebruik om pleisterwerk te doen.

1.3.5 Die blad hiervan is dikker as dié van ander troffels om swaar pleisterwerk moontlik te maak.

(5 × 1) (5)

1.4 Verduidelik kortliks hoe jy sal toets of 'n staalwinkelhaak haaks is. (3)

1.5 Definieer die term *vuurvaste steen*. (2)

1.6 Noem DRIE klasse vuurvaste stene. (3)

[20]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die verskil tussen *ongebluste en gebluste kalk*. (2)

2.2 Beskryf hoe mens die voguitsetting van sand meet. (5)

2.3 Sand moet getoets word om vas te stel of dit wel in dagha of beton gebruik kan word. Noem TWEE sandtoetse. (2)

2.4 Noem VIER fisiese eienskappe van fynstoflose beton. (4)

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



2.5.1 Statiese trilrolle bevat gewoonlik 'n triller wat op 'n trommel gemonteer is.

2.5.2 Verdigting forseer alle lug tussen gronddeeltjies uit sodat hulle aan mekaar kan kleef.

2.5.3 Trilling behels klein plaatjies wat deur 'n afsonderlike punteenheid aan die tril gesit word.

2.5.4 'n Hout- of ysterblok van omtrent 5 kg word gebruik om 'n slag voort te bring.

2.5.5 Verdigte sand en gruis vorm 'n baie los basis.

2.5.6 Messelaars gebruik maatstokke om die vertikale hoogtemetings van vensterbanke en deurkosynkoppe te bepaal.

2.5.7 'n Skietlood kan vir diep slote gebruik word.

(7 × 1) (7)

[20]



VRAAG 3

3.1 Hoe dra 'n mens hoogtes van hoekprofielplanke na 'n betonfondament oor? (6)

3.2 Definieer *verwysingspunt*. (1)

3.3 Noem VIER soorte betonmengers. (4)

3.4 Beskryf die *vervoer* van beton. (2)

3.5 Toon met behulp van netjiese, benoemde sketse hoe jy 'n holmuurhoek sal bou. (5)

3.6 Beskryf die term *dagha* kortliks. (2)



[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Gee 'n kort beskrywing van elk van die volgende baksteenverbande.

4.1.1 Koplaagverband


4.1.2 Engelse verband

4.1.3 Strykverband

(3 × 1) (3)

4.2 Maak 'n vryhandskets om vertanding vir die las van twee mure te illustreer. (5)

4.3 Bestudeer die FIGUUR hier onder en benoem die dele van die derde pleisterlaag (afwerklaag). Skryf slegs die naam langs die vraagnommer neer.



(4 × 1) (4)

4.4 Noem SES soorte teëls. (6)

4.5 Noem enige TWEE soorte boë. (2)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE maniere waarop die formeel van 'n boog tydelik gestut word. (3)

5.2 Verduidelik die vorms in Griekse lyswerk teenoor dié in Romeinse lyswerk. (4)

5.3 Wat is biosement? (4)


5.4 Die FIGUUR hier onder toon die vloerplan van 'n pakkamer met 'n deur.

Spesifikasies:

Die bobou is 'n eensteenmuur wat 220 mm dik en 2 700 mm hoog is, en in strykverband gebou is.
Die deuropening is 900 mm breed.

5.4.1 Bereken die totale lengte van die vloerlyste en kwartrondlyste wat nodig sal wees. (7)

5.4.2 Bereken die aantal vloerlyslengtes wat jy sal moet koop as die ysterwarewinkel net lengtes van 2 000 mm in voorraad het. (2)



[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou